

**In die spore van Sy genade**

**Vind ons vrede op hierdie aarde**

**13 November 1952 - 13 November 2022**

**70 jaar, bring ons hier.**

**Ons onthou saam met Oorwinning**



Kopiereg voorbehou

# Geskiedenis van Leandra

Die ontstaan van Leslie kan direk gekoppel word aan die bou en beplanning van die spoorlyn tussen Springs aan die oos-Rand en Breyten in die Suidoos-Transvaal. In 1903 is begin met die uitleg van die spoorlyn wat 'n verlenging was van die Johannesburg/Boksburg spoorlyn wat reeds in 1890 in gebruik geneem is.

Twee Skotse ingenieurs wat gemoeid was met die beplanning het vertel dat die Hoëveld baie ooreengestem het met hul tuisland in Skotland waarvandaan hulle gekom het, gevolglik het hulle die spoorlyn vernoem na die dorpies wat in Skotland voorkom: Devon, Leslie, Oban en Kinross.


In 1904 word die eerste stasiegebou in Leslie opgerig en word dit 'n volwaardige spoorwegstasie. As gevolg van die spoorwegstasie het die dorpie Leslie ontstaan.

Die dorpies Leslie en Eendracht het saamgesmelt op 1 Julie 1976, as gevolg van jarelange interaksie tussen die twee gemeenskappe.

Die Bestuurskomitee van Leslie en die Gesondheidskomitee van Eendracht het besluit om 'n landswye kompetisie te reël om 'n nuwe naam te bekom. Inskrywing het tot sovergekom as Duitsland en Skotland.

Ses nuwe name is gesorteer naamlik Lesendra, Slendra, Leandra en Leandra Park, Leendra en Lendra. Almal het gestem en die wen inskrywing het gekom van Mev I Roets van Warden in die Vrystaat. Leandra.

Vandaar het die twee dorpe saamgesmelt.


South Africa » Mpumalanga » Mpumalanga, BETHAL district, Rural (farm cemeteries) » Mpumalanga, BETHAL district, Rustfon
» PATTISON Henry Reginald 1868-1905 :: PATTISON Basil Stuart 1871-1910

**PATTISON Henry Reginald 1868-1905 :: PATTISON Basil Stuart 1871-1910**

According to Peet Schabort, these were two brothers who came from Scotland on a contract to build a Railway line between Springs and the coal mines in Breyten and Ermelo. The 'Springs Eastward Railway' in 1904 and 1905. They missed their home country so much that they ended up naming all the railway stops after places in Scotland, eg: Leslie, Devon, Oban, Kinross and Leven.

Date: 10 Jan 2011
Contributed by: Peet Schabort
Size: 2 items

**PATTISON Basil Stuart 1871-1910**
Date: 31 Aug 2010
Contributed by: Peet Schabort
Views: 249

**PATTISON Henry Reginald 1868-1905**
Date: 31 Aug 2010
Contributed by: Peet Schabort
Views: 209



# Program 11 November 2022

Mnr van Zyl: Skoolhoof van Leandra Laerskool

Corné Kruger: Koördineerder en Spanbestuur

Pieter Kruger: Spanbestuur en borg

Rita Labuschagne

Jaco Labuschagne

Hein Booysen

Braam de la Ray

Ian Ras

Kobus Potgieter



Hierdie mense is op die Onthuldiging bedank en het spesiale toekennings ontvang vir hul bydrae tot ons kultuur en Geskiedenis.

Dankie Hemelse Vader aan U al die eer vir hierdie Joernaal.

# Geskiedenis van Leandra: Soos deur die Hervormde Kerk in Eendracht beskryf.

Op 13 November 1952 het 'n groot ramp die dorpie Leslie getref. 'n Skoolbus wat van Laerskool Leslie gekom het, om kinders huistoe te neem, is deur 'n trein getref.

Die ongeluk het plaas gevind by die spoorwegkruising naby Oban. Destyds was daar nog nie 'n brug oor die pad gebou nie.

Die Monument is oorspronklik by die ongelukstoneel opgerig, maar later is 'n brug gebou en die monument is geskuif na Laerskool Leandra waar die kinders nogsteeds elke jaar die dag gedenk, aangesien die pad na die monument ontoeganklik was.

Die Bestuurder van die bus, Mnr Willie Meyer en 10 Leerlinge is in die ramp oorlede.

Op Saterdag 15 November waartydens die opening van die skool, 'n fees moes gewees het, was daar 'n gesamentlike roudiens by die skool gehou, en die Leeringe en Bestuurder is op verskeie plase begrawe.




Die Bestuurder het vermoedelik 'n hartaanval gehad, en die bus het op die spoor tot stillstand gekom. Die lokomotief het die bus uit die pad gestamp.

Die telefone was plaaslyne en soms onbetroubaar maar kontak het tyd geneem.

Dit was egter 'n bestiering, dat die lokomotief agterstevoor ingespan was, anders sou al die insittendes van die bus moontlik gesterf het.

Oom Willie Meyer was die busbestuurder. Hy is Oom Kassie Meyer se vader.

Willie, Annatjie, Japie, Johan en Gerhard Meyer se Oupa. In hierdie tragedie was van ons Lidmate se kinders ook betrokke.

Ons innige simpatie en meegevoel aan al die families.

Bron: Geskiedenis van Leslie en Eendracht.

# Ons onthou

## **ń Traan in ń kis**

Skoolbusramp onthou

NEGE FAMILIES IN ROU GEDOMPEL

ń Trein teen ń bus
en my hart in ń kis.

Wat ń blye tyding moes wees
is verlore in gees.
Kindertjies so klein
en mamma's in pyn.

ń Trein fluit en rem
later ń skreeu stem.
My kind Here?
Hoekom dan sy lewe?

ń Laat komende bus,
ń trein ook laat,
die graf waar my kind rus.
Dit maak my so kwaad.

Waar kan ek my kind kry
laat hy langer hier bly?

Hoe gebeur dit net so
als onderste- bo?
Hoe sal ek dan vrede vind?
ń Mamma, ń traan, begrawe haar kind.

ń Trein teen ń bus
my hart vir altyd in ń kis.

NICOLENE PIENAAR

# LESLIE BUSRAMP 13 NOVEMBER 1952

## ONS VERTEL DIE VERHAAL MET MEDELYE



**Die laaste klasfoto 1952 ( moontlik die enigste Skoolfoto )**

Liefste Tannie, ons bring rosies, rosies blink met môredou.

...

Rosies fluister: "Liefde, soentjies", in verbloemde blommetaal;

...

Rosies uit ons tuintjie, liefde uit ons hartjies haal.

...

Maar die soentjies... in die mandjie; nêrens in wil dit geluk

...

Liefste Tannie, ons is raadop; soentjies moet jy self maar pluk!

**Woorde deur A.G. Visser**

# DIE SKOOLBUS



1947 Chevrolet Trokkie Registrasie: TDJ 103
( Transvaalse Departement Johannesburg )



**Die busbestuurder: Oom Willie Meyer.**

School bus, 1920s



From the 1920s a school bus service began, to transport children from around a country district to a centrally-located school.

Geskiedenis van die Tipe skoolbus wat Gebruik is in die vroeë 1950's

Volgens die Spoorweg was die Trein nr: 681, ook bekend as die paptrein, volgens Peet Schabort. "Die Trein het onder andere room vervoer, wat 'n inkomste was vir die vroue wat hul melk afgeroom het, en dan later 'n tjek in die pos gekry het", vertel Tannie Elsa Claasens, wat 'n jong dogter was in daardie tyd. "Oban het sy eie stasie gehad, en Leslie se stasie was baie netjies en baie skoon." Tannie Elsa onthou nog goed.

# DIE SKOOLBUS



Hierdie foto's is geneem tydens die voorbereiding van die konsert waar 'n feestelike atmosfeer geheers het.

Let op na die bou van die bus, asook die agterkant wat die nooduitgang was.

Die bus se agterkant was meestal van hout met 'n swaar staalraam.  Die deur het moeilik oop en toe gemaak.



Reg bokant die nooduitgang was twee rooi byltjies vasgemaak.

Die ingang en deur van die bus was aan die linkerkant.  Trappies was ook uitgehaal en teen die bus gesit om in te klim, waarna die trappies weer in die bus teruggesit is.

Die skooltasse moes ook voor in die bus wees en nie tussen die skoolkinders nie.



Seuns en dogters het op verskillende bankies gesit.

Wanneer 'n maaitjie afgelaai is, het van die seuns in die bus uitgeklim om te help, en om dan weer die deur toe te maak.

Lettie Barnard se pa het net voor die laaste stop gehelp om die bus se deur toe te maak.

**Die spooroorgang by Oban**

**Dit is hier waar die ongeluk gebeur het.**

Die spoorlyn was nie bo die padoppervlakte nie.

# DIE BEPLANDE KONSERT EN FEES
# 15 NOVEMBER 1952



Dit is met oorlewering en foto's wat die volgende foto's gedeel is:

Die hele dorp sou die fees saam gevier het, en almal was genooi.

Die omliggende boere het trekkers geskenk wat die feesgangers versier het, om deur die dorpie te ry. Die roete is vandag onbekend wat hulle sou gebruik het, en presies wat die planne was.

Buiten vir heerlike gebak en lekker kos, is ons mense bekend vir kuns en ons kultuur.

Dit is net eenvoudig pragtig. Dit is so jammer dat daar nie 'n kleur foto kon geneem word nie.

Hierdie foto is geneem op die skoolveld van Leslie Laerskool dieselfde dag van die Tragedie.





# PRAGTIGE KLEURVOLLE KOSTUUMS

Op Donderdag, 13 November, het die kinders in hulle kostuums die konsert geoefen wat Saterdag, die 15 de November opgevoer sou word.

Die Feestelike atmosfeer het ook die kinders opgewonde gemaak.



Volgens 'n Oorlewende wat in die bus was, het sy 'n rol gespeel in 'n Toneelstuk:

"Liefste Tannie ons bring rose..."



"Hoe mooi was dit nie!" vertel 'n Tannie wat toe nog 'n dogtertjie was. "Ek is nog altyd daar, ek leef daar wanneer ek soms nie kan vergeet nie."





# Die Ongeluk

Hoe word geluk weer gebore uit 'n ongeluk?
...Wat het luck in anyway te doen met geluk?
Ek mag nie te veel praat nie, nooit voor vreemde mense nie.
Hulle dink ek is mal, ek gee nie om nie, my lewe 'n rondomtalie
…
Wat weet jy Meneer met jou groot tas?
Is daar lewe in, of is jy net slim in jou wit jas?
Wees stil, man!
Is jy stupid, hulle gaan jou hoor en dan…

Maar ek was daar, ek onthou nog die stink rook.
Ek onthou die mielielande, die steenkool stook.
My vuiste is moeg en seer geslaan, my kussing hou nie meer my skree.
Ek wil weg, weg ver weg oor vlaktes, maar dit bring trane mee.


Pakslae is my voorland as ek aanhou kla
Maar daardie Tannie het my geruk en gevra, waarom is ek da
Ek is seer my ou, bleddie seer
Waarom kon ek nie saam met die ander gaan wat nie kon keer?


Wat het luck te doen met geluk?
Niks, absoluut niks, dis 'n lieg, want ek is steeds hier, dit bly 'n ongeluk.

**Geskryf deur: Corne Kruger**

# SOOS DIE TRAGEDIE ONTHOU

Aangedui op die kaart waar die kinders gebly het.




## Die Oban Kruising.

Daar was toe reeds 'n teerpad.

Roete in die Oggend: Eerste tot laaste: Eksteen, Holtzhauzen, Pretorius, dan ry die bus oor die spoor rigting Kinross, tel kinders Jacobs en Roux op naby Kinross en daarvandaan weer oo rdie spoor na Leslie Laerskool. Omgekeerde roete in die middag. Daarom was die kinders Pretorius en Holtzhausen nog steeds op die bus alhoewel hulle duskant die spoor gebly het. Daardie dag het die Eksteens se pa hul gaan oplaai by die Oban oorgang anders sou hulle ook op die bus gewees het.

**Navorsing gedoen: Petrus Schabort**



"Die bus was daardie dag laat," vertel Tannie Hannetjie, wat daardie tyd Smit was. Sy en haar boetie Japie het net voor die spoor afgeklim. Hulle was die laaste stop net voordat die trein die bus getref het.

"Ons het daardie dag geoefen in ons kostuums, maar gelukkig het ons dit uitgetrek voor ons op die bus geklim het. Ek dink dit is waarom ons laat was, maar die trein was ook laat. Ek weet nie of daar ooit enige iemand was wat geweet het waarom die trein laat was nie."

Sy vertel, dat Oom Willie daardie dag beslis iets makeer het, omdat hy nie soos ouder gewoonte hulle gegroet het nie.

Sy en haar boetie het net deur die draad geklim oppad na hulle huis, toe hulle die slag agter hulle hoor. Sy het omgedraai en gesien hoe die kinders deur die lug trek, soos die trein die bus tref.



Oom Gert Smit het 'n entjie van die oorgang gewerk.


Hy was die Pa van Hannetjie en Japie Smit. Hy het alles gesien gebeur, ook dat die bus vorentoe gerol het. Hy het begin hardloop toe hy die trein hoor, maar hy het geweet dat hy te laat sou wees.

Oom Gert leef nie meer vandag nie, maar hy was daardie dag die held van baie.

Hy was eerste daar en het gehelp waar hy kon om spoedig soveel as moontlik kinders te help met die kennis wat hy gehad het.

Hy het opdragte uitgeroep en daar het van sy huis af komberse gekom, alles, soos Tannie Hannetjie sê: Hulle het geen komberse oor gehad nie.

Hulle huis was die naaste. Vanuit hulle huis het die eerste hulp gekom. Hulle het die mediese dienste en owerhede van die Smitte se huis geskakel.



SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË.
SOUTH AFRICAN RAILWAYS.

HOOFBESTUURDERSKANTOOR,
GENERAL MANAGER'S OFFICE.

Waarde Heer, -2 V 1953

Daar is onder my aandag gebring dat u op 13 November 1952, ten tyde van die botsing tussen goederetrein nr. 681 en 'n skoolbus in die trajek Leslie - Kinross, uself op besondere wyse onderskei het, deurdat u spoedig mediese hulp ontbied het asook spoorwegamptenare en die polisie van die ongeluk verwittig het, waarna u noodhulp aan die beseerdes verleen het.

Graag wil ek die geleentheid te baat neem om my persoonlike waardering te betuig vir u lofwaardige optrede tydens hierdie ongeluk, wat sekerlik as 'n voorbeeld voorgehou kan word.

Die uwe,

HOOFBESTUURDER.


Mnr. G.W.P. Smit,
Ploegbaas,
OBAN.


DIE BUS
DIE TREIN









Tragedies bring verlies en dit is moeilik om ons Hemelse God soms in ons seer raak te sien. Ek glo met my hele wese, dat ons eindbestemming nie hierdie aarde is nie, en dat ons slegs besoekers is wat daarna streef om met ons Jesus in die Hemele te kan wees.

Nee, dit bring nie antwoorde nie, slegs meer vrae. Ek glo, dat dit juis hierdie onsekerheid was, dat mense stil geword het in hulle seer en verlies.




Skokkende gebeure
Laat ons wegdraai van hemelse deure

Red ons tog Heer
Laat ons U in alles eer
Maak die stemme van gister stil
Red ons Here, soos dit U wil
Vir nou die stemme stil

Daar broei 'n storm in die Noorde
Daar kom tyding uit alle oorde
Maak reg, Maak reg
Tussen treine en spore veg



Ons as Ouers Here om te verstaan
Maar die aandwind van die suide bring rus, 'n nuwe begin se baan

Ek rus dan nou Here, soos ek onthou
Ek hoor, en ek vertrou.
Ek hoor die Magtige dreuning en sidder
Dankie dat U ons steeds liefhet, Heer U ons ridder...

Geskryf deur: Corne Kruger

**13 November 1952**

Dit is die jaar twee-en-vyftig.
Ons is op laerskool en werk vlytig.
Dis 'n skool op die platteland.
Die wéreld omheen lê wyd na alle kant.

Jy gaan my nou vra 'waar'?
Ja, nie sommer net daar.
Dis 'n spogskool van ons keuse.
Getrou bly ons aan die leuse.

Die skool se naam is LESLIE, ja
Voor ons ook pa en ma.
Ons leer, speel, sport en kultuur
terwyl ons in die toekoms tuur.

Dis die maand November,
binnekort kersfees in Desember.
Min sal ons weet
daar wag 'n spleet . . .

Ons is besig met 'n konsert!!
Ons sien al die koekies en tert!!
Ons oefen elke dag
Vandag is dit Donderdag . . .

Saterdag is ons NUWE skool se inwyding
Wat 'n blye tyding !!
Ons loop oor van opgewondenheid
Kan nie wag vir die tyd.

Laaste keer na skoolure opgetree
Klim in die skoolbus vir ons laaste tree . . .
Oudergewoonte elkeen op sy plekkie.
Egter word ook geruil aan 'n plekkie.

Voort snel die bus
ons juigend, geselsend met lewenslus.
Ouers wag by die huis
Sommer nou-nou is ons tuis.

By Oban spooroorgang klim kinders af.
Ouer en kind omhelsend terwyl hul die bus betrag.
Die bus kom aan die gang
By die STOP se spooroorgang.

…..

**13 November 1952**

**Vervolg...**

Van hier gaan ons verder . . .
Verder? Verder? Verder?!
Alles raak nou tydloos . . .
Die TREIN is ook tydloos . . .

Tydloos? Tydloos? Tydloos?!
Die bus en trein is NIE tydloos . . .
Perfek is die tyd gekroniseer,
hier volg die grootste hartseer . . .

Ons oorlewendes in die hede,
kyk terug na sewentigjaar in die verlede.
Sal ons ooit daardie dag vergeet?
Dood, pyn, lyding, selfs vandag met 'n skeet.

Die skok trek deur 'n hegte gemeenskap.
Trichardt, Kiinross, Leslie, Eendracht, Devon kry 'n klap.
Uit alle oorde daag hulp op.
Alles is omgedop . .

'n Konsertdag
word 'n Roudag.
Kissies op 'n ry
vreugde is verby . . .

Vandag twintig-twee-en-twintig
kyk ons terug na twee-en-vyftig.
Grafte lê gestrooi in grasse getooi.

Daar op Eendracht, Kwaggaslaagte,
Vaalbank, Uitmalkaar, Vierfontein, Vlaklaagte.
Soveel vrae o HEER,
aan U egter die EER . . .


Sal hul in vergetelheid verdwyn?
Daarmee ook die pyn?
By GOD egter vir ewig jonk.
Daar in praal en pronk.
AMEN . . .

**Peet Schabort.**

# ONS ONTHOU DIE KINDERTJIES…

Met innige meegevoel en liefde, onthou ons saam die gesiggies:





Tinus Holtzhausen








Mary Muller






Nico Pretorius/ Mattheus


Bennie Prinsloo


Jimmy Roux

# DIE KINDERTJIES IN DIE BUS TYDENS DIE ONGELUK:

## Die volgende Kinders is tydens die ongeluk oorlede:

Hannetjie Fourie - 11 jaar oud.

Nellie Fourie - 11 jaar oud.

Nico Pretorius - 8 jaar oud.

Diekie Pretorius - 13 jaar oud.

Jimmy Roux - 14 jaar oud.

Mary Muller - 12 jaar oud.

Tinus Holtzhauzen - 12 jaar oud.

Sareltjie Jacobs - 10 jaar oud.

Wimpie Meyer - 13 jaar oud.

Bennie Prinsloo - 10 jaar oud.

Oom Willie Meyer was 53 jaar oud en is ook oorlede

# <u>DIE KINDERTJIES IN DIE BUS TYDENS DIE ONGELUK:</u>

## <u>Kinders wat die Ongeluk oorleef het:</u>

Mike Müller

Edith Muller - oorlede 2016

Alta Nel - onlangs oorlede

Wynand Pretorius

Rinka Meyer

Ria Schutte

Gerrit Roux

Piet Roux - oorlede in 2002

Hannetjie Smit ( Joubert )

Japie Smit

Neels Holtzhauzen - Woon nou in Mosambiek, geen verdere inligting tans nie.

Gorden Visser wat die stoker was van die trein is in 2019 oorlede.

## DIE ROUDIENS IS GEHOU OP 15 NOVEMBER 1952
## DIE DAG WAT DIE KONSERT SOU GEWEES HET








Groot dank aan al die Families wat hulle harte met ons kon deel, al het die trane nog na al die jare vlak gelê. Dankie vir elke foto en gedagte, vir lekker koffie, beskuit en elke onthou.

Mag hierdie joernaal vir julle nie meer hartseer maak nie, maar mag daar vir elkeen wat nog huil vrede kom en mag daar rus kom vir hulle wat steeds vandag nie kan vergeet nie.

Jesus Christus maak wonde heel, Hy maak die storms kalm, Hy red die wat na Hom roep.

## Liefste Tannie ons bring rosies

Sjoe, maar dis baie werk om so hard te oefen vir die konsert vir die inwyding van die nuwe skoolgebou. Uitgeput klim ek op die skoolbus na skool, op my gewone plekkie, heel voor, by die deur met Lettie langs my, ver van die stoute seuns aan die anderkant van die bus. Vanmiddag gaan ek weer lekker toebroodjies eet by Ouma en Oupa. Gelukkig is my afklim plek net na Lettie s'n so ek en sy kan nog lekker kuier tot by hulle hek waar haar pappa gewoonlik vir haar wag. Nes Lettie van die bus afklim fluit die trein nie ver van ons af nie, maar dis vreemd want die bus staan stil op die spoor, waar die trein moet ry. Oom Willie? Oom Willie, hy beweeg nie, hy lê tjoep-tjoep stil op die stuurwiel. Die trein kom al hoe nader. Die seuns skarrel om die nood byltjie te kry. Die trein kom nou baie baie naby! Die deur wil nie oop nie.

Stilte… Donker....

Die wêreld draai om my, my lyfie pyn. Hoekom ruik dit soos bloed en steenkool? Soos ek regop kom sien ek boeke, penne, tasse, skoolklere. Soos ek opstaan kom ek tot die besef, my maatjies lê ook tussen die skoolgoed. Lettie se pappa staan steeds by die hek, is Lettie nog op die bus gewees? Of het sy al afgeklim? Waar is my skoen? Die oom beduie na die huis, maar sê niks nie.

Ek kan nie onthou hoe ek by die huis gekom het nie, maar ek het wel agter 'n oom met 'n snaakse tas in die agterhuis ingestap. In die huis was dit baie deurmekaar, maatjies wat huil, 'n tannie wat op die foon praat, sy klink baie hartseer en haastig. Hoe het my skool maatjies hier gekom? Die baie stemme en kerm maak my bang, ek moet hier uit. Buite sien ek die bus in die verte, 'n entjie van waar ons gestaan het toe die trein nader gekom het, dit lyk asof die bus aan die trein vassit. Ek wil gaan kyk waar die res van my maatjies is, die wat nie in die huis is nie. Oppad na die bus het ek 'n swart oom raak geloop wat my gehelp het tot by die bus.

Later die middag toe ek by Oupa en Ouma was het Oupa vreeslik gehuil, Mamma was sommer in die bed. Ouma sê dat Mamma al die pad van ons huis af gejaag het tot by die ongeluk, maar ek was nie daar nie. Mamma is toe na Lettie se huis toe, maar ek was ook nie daar nie. Oupa het ook na my gesoek na 'n oom met 'n TPA bakkie by hulle huis opgedaag het om te sê dat daar 'n ongeluk was, maar kon my nie kry nie. Hoe het hulle nie geweet dat ek weg geloop het nie? Terwyl Ouma vir my vertel hoekom Oupa en Mamma so hartseer is het my lyfie baie gepyn, ek het 'n verband om my regterbeen gedraai. Die oom met die tas het gesê dat die gat te groot is om steke in te sit. Ouma het met iemand gesels oor die foon en vir die persoon gesê dat my lyfie nie so seer is nie, dis seker dan nie so erg nie.

'n Paar dae later het ons 'n byeenkoms by die skool gehad waar kissies in 'n lang ry gepak was. Daarna is die monumentjie in die veld by die treinspoor geplant. Ek kan onthou ons het 'n liedjie gesing wat sê "Daar is bemindes in die hemel", ek weet nie wat dit beteken nie. Vir die volgende paar weke het baie mense na ons huis toe gekom om vir my vrae te vra oor die bus.

Die mense het gesê dat Oom Willie 'n hartaanval gekry het, dis seker hoekom hy so tjoep-tjoep stil op die stuurwiel gelê het toe die trein nader gekom het, die trein was ook laat volgens die mense. Ek, Mamma en Pappa het by Bennie se Mamma gaan kuier. Sy het my styf teen haar vas gedruk en die volgende oomblik rond geruk dat my tande op mekaar klap. Sy het gevra hoekom ek hier is en nie Bennie nie. Ek wou met niemand praat na Bennie se mamma my so laat skrik het nie.

Vir lank het niemand van die bus gepraat nie, ek het daarvan begin vergeet. Tot my rug seer begin word het en my regterbeen ingegee het. Ek het nie geweet wat om vir die dokter te sê toe hy gevra het hoe ek seer gekry het nie. Hy het gesê dat ek ver geslinger moes wees en hard geval het om so 'n besering op te doen. Dis toe ek van die bus onthou, Lettie, Bennie, die monumentjie, ons het nooit konsert gehou nie. Vaag weg onthou ek die reëls van A.G. Visser: Maar die soentjies in geen mandjie; nêrens in wil dit geluk. Liefste Tannie, ons is raadop: soentjies moet jy self maar pluk!

Oorspronklik vanuit 'n ooggetuie: Rienka Meyer ( Kirstein )

Oorgeskryf deur, en vertel in 'n skryfstuk: Meri Erasmus

# KOERANTE 1952

# NEGE FAMILIES IN ROU GEDOMPEL

## Treinramp By Leslie Eis 11 Lewens

**Donderdag die 13de November was vir Leslieskool en omgewing 'n dag van ramp en rou. Met uitbundige vrolikheid het die leerlinge voorbereidings begin tref vir die inwyding van die nuwe skool wat op feestelike wyse die Saterdag 15 November gehou sou word. In die feessaal te Eendracht is die konsert items gerepeteer en met welgevalle het die onderwysers die verrigtinge beskou in die kleurryke kostuums. Voorwaar 'n feesstemming wat geskep is.**

Twintig minute na die skool gesluit het is met ontsetting verneem van die ramp. 'n Goederetrein van die rigting van Leslie na Kinross het by die Oban-oorgang die bus gevang en na links geswaai en omtrent 15 tree van die oorgang geslinger. Net by die oorgang het twee kindertjies afgeklim Johanna en Japie Smit wat digby woon. Die bus het weer stilgehou by die oorgang want soos deur die hele omgewing bekend was die busbestuurder, oorlede oom Willie Meyer, wat reeds vir die afgelope 15 jaar die bus bestuur die versigtigheid self. Die ramp sal dus onverklaarbaar bly.

Die kondukteur van die trein het van Oban na Leslie gebel vir hulp. Twee ambulanse is van Springs ontbied, twee van Brakpan en een van Bethal. Vyf dokters is van Leslie en Kinross ontbied wat hul uiterste vir die rampspoediges gedoen het.

Mnr. H. Stone wat kort na die gebeure op die tragedie gekom het, en wie ook 'n kleinkind op die bus gehad het, wat gelukkig aan die dood ontkom het, het vier kinders na die Verre-Oosrand Hospitaal geneem.

Mnr. Eksteen 'n boer van die omgewing het sy twee kinders in Leslie van die bus gehaal om saam te neem na sy huis, so het hulle die ramp ontkom. Hy het ook 'n kindjie na die hospital vervoer.

**SLEGS 4 ONTKOM**

Van die 19 kinders in die bus het slegs vier ontkom. Rinka Meyer, Michiel Muller, Ria Schutte en Pietie Roux. Die busbestuurder en nege kinders is opslag gedood. Ses in is na die hospitaal waarvan een reeds dood is en vier nog in 'n baie ernstige toestand verkeer.

Hulp het uit alle oorde toegestroom en die Hoëveld se gemeenskap was nog nooit nader aanmekaar as dié dag nie.

Die Vrydagoggend by die skool is haas nie te beskrywe nie. Die verdriet van kinders en onderwysers en ouers sal in die skool se bestaan nooit vergeet kan word nie. Die boekies en kappies en ander persoonlike goedjies wat aan die oorlede maatjies behoort het nog in hulle leë-banke gelê. Die kinders het na die Godsdiens maar huistoe gegaan.

Ongeveer 300 telefoon oproepe en telegramme van meegevoel het ingestroom tot sover as Rhodesië.

Die huisgesinne wat getref is is soos volg:—

Mnr. en mev. Gert Roux van Vaalbank se seuntjie, Jimmy.

Mnr. en mev. Dick Pretorius se twee seuntjies Dirk en Nico.

Mev. Willie Meyer, haar man en seuntjie Willie.

Mnr. en mev. Hannes Jacobs se seuntjie, Sarel.

Mnr. en mev. Mike Muller se dogtertjie Mary.

Mnr. en mev. Ben Prinsloo se seuntjie Bennie.

Mnr. en mev. Manie Fourie se dogtertjie Nellie.

Mnr. en mev. Koos Fourie se dogtertjie Hannetjie.

Mnr. en mev. Izak Holtzhausen se seuntjie Martinus.

## PREEKBEURTE

**● NIGEL**


**HERVORMDE GEMEENTE**


**Sondag 23 November**

10.30 vm. Teol. Student C. J. Smit.

**● LESLIE**

Die V.L.U. hou 'n tentoonstelling op Saterdag, 28ste Februarie 1953. Lede van die publiek word vriendelik uitgenooi om inskrywings te stuur. Pryslyste is by mev. Grobler verkrygbaar.





Wat oorgebly het van die skoolbus nadat dit met 'n trein by Obanhalte gebots het.

# KOERANTE 2007

## Monument vir kinders na skool geskuif

andra. – Die busramp het meer as 'n feeu gelede gebeur, maar die nagegtenis aan die 10 kinders en busbeurder wat daarin dood is, leef steeds ort.

)ie Laerskool Leandra beplan om die nument wat opgerig is vir dié wat in bus-en-treinongeluk op 13 November 2 dood is, na die skoolgrond te veruif.

)ie gedenkteken is tans bykans onbekbaar en dit verniel waar dit in die l-langs die teerpad tussen Leandra Kinross staan.

it is op die plek opgerig waar die onık gebeur het en is as 'n nasionale nument opgeteken.

ie ongeluk het die dag voor die ampke opening van die skool se nuwe ge gebeur. Die Laerskool Leandra het nog as Leslie se laerskool bekend gestaan.

Volgens koerantuitknipsels en staaltjies van oud-leerlinge het groot opwinding daardie dag geheers. Een van die kinders het vir sy ma bestanddele gaan koop vir die koek wat sy die volgende dag skool toe sou stuur.

Die busbestuurder, Wimpie Meyer, het elke dag kinders van omliggende plase skool toe en terug geneem. Sy seun, Wimpie jnr., is ook in die ongeluk dood.

Volgens Corné Kruger, woordvoerder vir die komitee wat die monument wil skuif, word vermoed dat Meyer 'n hartaanval gehad het net voordat die bus oor die treinspoor gery het.

Die aankomende lokomotief wat vanaf die Oban-spoorstasie onderweg was, het teen die bus gebots.

Net vyf van die kinders het die ongeluk oorleef. Die koerante het die botsing destyds as grusaam bestempel en ouers moes meestal hul kinders aan haarlinte en persoonlike eiendom uitken.

Die Hervormde kerk op Leandra wou jare gelede reeds die monument verskuif, maar dit is 'n reuse-projek.

Nou het ouers, onderwysers, sakelui, die gemeenskap en boere hande gevat. "Almal wil help," sê Corné.

Die amptelike plasing van die monument voor die skool word vir 17 November beplan, mits daar geen besware teen die verskuiwing is nie.

"'n Groot reünie word beplan om oud-leerlinge soos Dozi en oud-onderwysers hier te hê," sê Corné.

Mense met meer inligting oor hierdie brokkie geskiedenis kan Corné bel by ☎ 073 441 5977.

## Skoolbusramp onthou

### Gedenkteken vir elf na skool verskuif

Arisja Jacobs

Leandra. – Familielede van die kinders wat op 13 November 1952 in 'n busramp naby Leandra dood is en oorlewendes van die ramp het die afgelope naweek die hartseer herleef.

Die Laerskool Leandra het Saterdag die amptelike onthulling van die busramp-monument gehou. Sertifikate, geskenkies, blomme en DVD's is aan die naasbestaandes gegee.

Die monument is kort ná die ongeluk by die ongelukstoneel opgerig, maar die skool, gemeenskap en kerk in Leandra het vroeër vandeesmaand onder Corné Kruger se leiding saamgespan om dit na die skool te verskuif. Op 13 November – soos elke vorige jaar – het die leerlinge 'n kranslegging by die monument gehou en teruggedink aan die skool se geskiedenis.

Die busbestuurder, Willie Meyer, en 10 leerlinge van die destydse Leslie-skool, waaronder sy seun Wimpie, is in die ongeluk dood toe die bus met 'n aankomende trein gebots het.

Tydens die plegtigheid by die Laerskool Leandra is die kinders wat omgekom het, dié wat die ramp oorleef het en die families in herinnering gebring. Sommige van hulle het van ver gekom om die dag by te woon en weer terug te dink.

So het Hannetjie Joubert, neé Smit, vertel hoe haar pa, Gert, eerste op die ongelukstoneel was en hoe sy haar maats wat oorleef het, moes help. Sy was toe net nege jaar oud.

"Die liggaampies was vermink en my pa het stukkies opgetel, in 'n tassie van een van die kinders gesit en dit onder 'n boom begrawe. Hy het gedink die aanskoue daarvan sou vir die kinders se ouers te erg gewees het.

"Ons het al ons komberse in die huis gebruik om lykies toe te gooi en die oorlewendes warm te hou," het sy vertel.

Net 'n handjie vol van die nege kinders wat die ramp oorleef het, lewe nog en het ná al die jare soos opgewonde kinders weer Saterdag gelag en gesels.



**Twee ma's wie se kinders in die busramp dood is, tannie Nonnie Holtzhausen en tannie Hester Pretorius, onthul die monument by die skool.**

Foto's: ARISJA JACOBS



**Die Smit-kinders wat die busramp oorleef het. Kobus Smit en sy suster, Hannetjie Joubert, het naby die ongelukstoneel gewoon en hul pa, Gert, was die eerste grootmens om te help.**



**"My sussie, ek dink aan jou." Annatjie de Villiers lê 'n krans vir haar suster, Nellie Fourie, wat in die ongeluk dood is. Stienie Fourie, eggenoot van Kobus Fourie wie se suster Hannetjie in die ongeluk dood is, staan haar vriendin by.**

Tannies Hester Pretorius en Nonnie Holtzhausen, ma's van kinders wat in die ramp dood is.

## Onthou u dié ramp?

BAIE mense het al vergeet of nog nooit gehoor van die ramp waarin tien skoolkinders en 'n busbestuurder in November 1952 omgekom het nie. Vandag is dit nog net dié eensame gedenkteken by die brug op die pad tussen Leslie en Trichardt, digby 'n ongebruikte mielieland, wat nog die treinbusramp in herinnering roep. Naas die busramp by Henley-on-Klip naby Vereeniging op 28 Januarie 1970 — waarin 23 kinders dood is — is dié ramp waarskynlik die grootste waarin kinders in Suid-Afrika nog betrokke was.

# BEGRAFNISREëLINGS. BUSRAMP-SLAGOFFERS.

## LESLIESKOOL.

## SATERDAG, 15 NOVEMBER 1952.

8.30.v.m. ROUDIENS BY DIE SKOOL.

10. 0. Mnr. en Mevr. Gert Roux se seuntjie op Vaalbank.
Ds. Delport. Oud. P.M.L.du Plessis.

10. 0. Mnr. en Mevr. Dick Pretorius se twee seuntjies op sy plaas
Ds. T.F.J.Dreyer. Oud. C.P.Willemse.

11. 0.Wyle Mnr. Willie Meyer en sy seuntjie op sy plaas.
Ds. C.H.Muller. Oud. F.H.Ras.

11. 0. Mnr. en Mevr. Hannes Jacobs se seuntjie op sy plaas.
Ds. D.Jacobs. Oud. G. van Wyk.

1.45. n.m. Mnr. en Mevr. Mike Muller se dogtertjie op Eendracht.
Ned.Herv. of Ger. Kerk.
Ds.D.Jacobs en Methodiste Leraar.

2. 0. Mnr. en Mevr. Ben Prinsloo se seuntjie op sy plaas.
Ds. C.H.Muller. Oud.J. van Rensburg.

2.30. Die broers Mnr. en Mevr. Manie Fourie en Mnr. en Mevr.
Koos Fourie se twee dogtertjies. Eendracht. Ned.Herv.Kerk.

Ds.J.H.van Staden. Oud. F.H.Ras.

3.30. Mnr. en Mevr. Isak Holtzhausen se seuntjie op Vierfontein.
(Oom Hans Vorster)
Ds.D.Jacobs. Oud. G. van Wyk.

# TOTSIENS AAN 'N TRAGEDIE

My hart was nog altyd vir die gebrokenes. Miskien, omdat ek self deur diep waters gegaan het as kind. My hart wou breek toe ek die ou bekende gesegde hoor:

"Kinders word gesien en nie gehoor nie."

Ons het by elke moontlike huis gaan draai vir koffie en 'n lekker soet dingetjie om te eet, om meer van die ongeluk se oorlewendes uit te vind. Dit het nog nooit vir my of my man Pieter oor die ongeluk gegaan nie. Nee, dis die mense wat agter gebly het, wat ons harte aangegryp het.

Tyd maak dalk nie alle wonde gesond nie, daardie kinders was stomgeslaan, seer, maar baie dapper; en dapper mense steek seer goed weg. Die kinders van die Tragedie is vandag ons Seniors. Hulle is ons Leermeesters en die wyses onder ons generasie.

Hierdie jaar, die 13 de November, word die ongeluk al vir 70 jaar onthou.

Dit vat dapperheid van 'n held/heldin om in vandag se tyd te kan oorleef.

Die plaashuise van vandag het nie veel verander in 70 jaar nie.

Net die geboue, die tuine, tyd en ligging, maar gasvryheid nie, dit is deel van ons bloed. Dit is wie ons is, en dit is in ons murg om vir ander mense te doen, wat jy nooit self kon ontvang nie.

Ons behoefte om te help en om te ondersteun het nog nooit verdwyn nie, maar ons nuwe Generasie kan dalk hierdie boodskap mis.

Hierdie ramp het 'n duidelike boodskap gelos na 70 jaar, want daar is nie bedroefte Moeder of Vader meer nie.

Dit is nou net die kindertjies wat daardie ramp oorleef het, wat in volwasse skoene, vandag ons vooruit loop.

Ons het dit soveel maal gehoor by die kinders van die verlede, dat hulle self vergete daar bly staan het, daar langs die pad. Al was hulle nie self op die bus nie.

"Daar is nie toegelaat, dat ons baie daaroor praat nie," vertel een Oom.

"Weet jy, dat daar nie Beraders in ons tyd was nie?" vertel n ander.

"Daar was nie sielkundiges vir ons kinders nie. Selfs die Dominee het gekom vir my Ouers. Ons moes stil wees in die kamer." vertel 'n boetie wat daardie dag siek by die huis was en so die ongeluk vrygespring het.

"Sussie moes tee maak. Stil wees maak die seerste." het 'n Tannie die boetie van 'n maaitjie geantwoord.

"Ek wou so baie maal teruggaan," vertel 'n ander

# TOTSIENS AAN 'N TRAGEDIE

Ons het ook by 'n huis gekom waar daar stilte was.

"Daar was nie vir my genade nie. Ek moes maar net aanhou, en ek het. Ek het nie vergeet nie, maar ek het aangehou."

Dit is hier waar ek soms net saam gehuil het. Hierdie Tannie onthou ek baie goed. Sy het net vir my gekyk soos ek gehuil het. Trane het stil oor haar gladde wange geloop, maar sy het nie 'n geluid gemaak nie.

"So baie mense voor jou het voor my kom huil, maar julle weet niks eintlik nie.

Julle was nie daar nie. Ons weet ook nie meer nie. Ek was maar agt jaar oud. Ons moes so lank stilbly, dat ons vergeet het." Daardie Tannie se woorde sal my altyd bybly.

Let op na die foto's van die begrafnis. Daar is manne in uniform. Manne wat gedien het in die weermag. Verlies was dus gereeld 'n onwelkome klop aan die deur. Wanneer ek vandag terugkyk na die Tragedie, sien ek: netjies - gestrykte uniforms, pakke, rokke, hoedjies. Handskoene, netjiese kapsels vir die dames. Trotse mense. Groot sterk hande wat 'n stewige handdruk kan gee. Reuse arms wat stywe drukkies kon gee.

Ek sien in my geestesoog hoe die mans opstaan, wanneer 'n dame in die vertrek kom. Sonbruin mans met 'n hoed wat op hul skote lê terwyl hulle gesels.

Koolstowe, met 'n vars pot tee of koffie wat prut, en altyd vars koekies iewers in die spens. Daar moet darem altyd ietsie wees, wanneer daar mense kom. "Ai ja…"

Covid het soveel van ons kinders kom steel. Lewenslesse wat ons en ons ouers geleer het, is nie meer van toepassing nie, en skoolgaan het nie meer 'n "moet" geword nie. Om God te eer in alles wat jy doen is ook nie meer deel van die lering wat ons kinders ontvang nie.

Bitterheid oorheers die meerderheid se gedagtes vandag.

Neem God weg van ons kinders se opvoeding, en ons verloor ons nageslag heeltemal vir die wêreld. Gesag is nie in plek nie, en Anargie heers oor ons wêreld. Mense wat voel 'n regstelsel beskerm hulle nie, verval in angs en dit kan geestelike en emosionele groei keer.

Sosiale Media is vol valse propaganda en niemand van ons weet meer wat om te glo nie.

Ek hoor dikwels, dat hulle van die "Lost Generation" praat.

Dit is so. Ons kinders leer nie meer van geskiedenis op skool nie, en ons verlede, is boustene vir die toekoms.

Dit is vanuit hierdie oord, dat ek hierdie projek aanpak om meer bewustheid te kweek vir ons ouers en voorouers se paaie wat hulle oopgeveg het vir ons.

# TOTSIENS AAN 'N TRAGEDIE

Nie met Wapen en skild nie, maar met Woord en Daad, want dit is juis in geskiedenis soos hierdie, waar ons leer van naasteliefde.

Helde en Heldinne.  Wie is hulle in hierdie Tragedie?

Dit is Eenvoudig waar:

Elke seun en dogter wat bly leef het, groot geword het, gebid het, en vertrou het is volgens my, die grootste Helde.  Nie net van die Trein/busramp maar van baie ander groot Tragedies.

Ons saluut julle, mag die Here se liefde en genade julle oorspoel.

Mag die Here julle seen en vir julle almal vrede gee.

Mag die Here julle toevou in Sy arms en julle rus gee.

Mag die Here elkeen wegsteek teen die soeke van die bose volg Ps 91:4

Wees daarom dapper op elke gebied.

Leer en leer ander. Glo en leer ander om te glo.

Met baie groete en liefde Pieter en Corné Kruger


**Spesiale dank aan die volgende mense:**

Petrus Schabort: vir elke oproep en oor vir elke hartseer hart

Hy is ook ons eie Digter en Skrywer, asook vir sy liefde vir geskiedenis en deursettingsvermoë

Tannie Elsa Claasens:  Herinneringe van die Trein te Leslie

Barry Müller van die FAK

Nicolene Pienaar: Debuut Digster

Meri Erasmus: Oorskryf van die Brief van Tannie Rienka met respek en liefde, opgedra aan Tannie Rienka

Poldaw Windpompe: Vir die borg van die Joernale

Tannie Hannetjie Joubert: moed inpraat en baie liefde, al was sy 'n ooggetuie van die Ramp

Adéle Fourie: Verdere Navorsing

Mnr Marius Purcell: Hoof van Laerskool Leandra



**Kopiereg voorbehou deur Pieter en Corné Kruger**